

BOEKBESPREKING

Murray, A. H.: The Political Philosophy of J. A. de Mist, Commissioner-General at the Cape, 1803-1805. A Study in Political Pluralism, pp. 137. Prys: R2.50, H.A.U.M., Kaapstad, Pretoria.

In hierdie werk gee prof. Murray 'n lewenskets van De Mist, sy staatsopvatting en die rol wat hy in die openbare lewe in Nederland gespeel het. Sy Memorie oor die Kaap word ontleed en bespreek, asook sy optrede as Kommissaris-generaal. Die grootste gedeelte handel oor De Mist in Nederland.

Wat opvallend is in prof. M. se behandeling van De Mist is dat hy deurgaans direkte verband probeer soek tussen De Mist se opvattingen en die pluralistiese instellings en denkers van die verlede. Dit gaan dikwels etlike eeuue terug; na die middeleeue, die Hervormers, die Hugenote en 'n groot verskeidenheid van denkers. Maar, die direkte verband met De Mist is dikwels nie so duidelik nie.

In die veelbewoë tyd waarin De Mist geleef het, het hy soos C. N. Fehrman dit stel, in die eerste Nasionale Vergadering „ . . . verklaard voorstander te zyn van sterk centraal gezag, mits dit niet strydig was met die tradities uit het verleden . . . ” (*Mr. Jacob Abraham Uitenhage de Mist in Overyselse Portretten, Jubileumbundel van de Ver. tot Beoefening van Overyselse Regt en Geschiedenis, Tyl, Zwolle, 1958, p. 179*). By daardie geleenthed het De Mist in verset gekom teen die heersende Franse opvatting van die nasionale eenheidstaat en Rousseau se idee van 'n algemene of volkswil. Hoewel hy nie Oranjegeesind was nie, was hy ook nie reaksionér nie en hy wou die goeie van die ou stelsel (volgens die Unie van Utrecht) behou en alleen die swakhede daarvan uitskakel. Al het dit hom nie geluk nie, het De Mist hom blykbaar by die veranderde omstandighede aangepas. Hy is dan ook deur die nuwe bewind as lid van die Asiatische Raad aangestel en het in daardie hoedanigheid sy Memorie oor die Kaap opgestel. Dis aan daardie Raad, en later ook aan die nuwe staatsbewind, voorgelê. Daarop is De Mist as Kommissaris-Generaal saam met Janssens na die Kaap gestuur. Later is De Mist ook benoem tot betrekings deur koning Lodewyk, deur Napoleon en uiteindelik deur Willem I.

Dr. A. Wypkema, die grondige kenner van De Mist, begin sy werk oor *De Invloed van Nederland op Ontstaan en Ontwikkeling van de Staatsinstellingen der Z.A. Republiek tot 1881* (De Bussy, Pretoria, 1939) met: „DE MIST was ongetwyfeld een kind van zyn tyd. Beziend met die ideeën: ,vryheid, gelykheid en broederschap', nam hy het algemeen volksbelang als basis . . . We zien duidelik de Franse invloed in de vryheidsidealeen van DE MIST, terwyl ook de kodifisering van wetten in deze richting wijst . . . ” (p. 3).

Dr. Wypkema gaan voort: „Daarbij was DE MIST duidelik onder de invloed van het 18e eeuwse rationalisme. Zijn verering van de rede blijkt uit liefde voor goede en billijke wetten, waardoor het Volk gelukkig zal worden . . . ” (p. 4).

En verder: „In zijn ruimere opvattingen wat politiek en godsdienst betreft, was DE MIST een kind van zijn tijd. Zijn behoudenheid en gematigdheid straalt in zijn verzet tegen de drijverij van de ultra-revolutionaire partij in de Nasionale vergadering.” (bl. 4).

Wat die Kaap betref, verklaar Fehrman: „In de Memorie is een De Mist aan het woord, die vaak zeer radicale denkbeelden durft verkondigen, zodat wij ons soms op het eerste gezicht afvragen of de schrijver werkelijk dezelfde man is, die in het Nationale Vergadering zo onverschrokken op de bres had gestaan voor de verdediging van die waarden en die tradities uit het verleden . . . Tegen alle tradities in komt De Mist in zijn memorie tot de conluctie dat de Kaapkolonie losgemaakt moet worden van het

Indische gouernement en in de toekomst rechtstreeks bestuurd zal moeten worden door Den Haag." (t.a.p., p. 177).

Laat ons volstaan met nog twee aanhalings uit die opstel van Fehrman. „De radicale denkbeelden van De Mist kwamen dus niet maar zo uit de lucht vallen, hij maakte de wensen van de Kaapse Patriotten grotendeels de zijne . . ." (p. 178).

„ . . . De Mist (had) in die eerste Nationale Vergadering verklaard voorstander te zijn van sterk centraal gezag, mits dit niet strijdig was met die tradities uit die verleden. Het is dan ook niet zo verbazingwekkend, dat hy zich in zijn memorie een voorstander van een dergelyk bewind aan die Kaap toont. Hier had men immers nooit iets anders gekent. Maar daarnaast bepleit die federalist De Mist toch ook een beperkte autonomie voor die buitendistricten, opdat die staatsmachine goed sou kunnen functioneren. Zeer vooruitstrevend is zijn advies . . . De Memorie van De Mist vestigde zijn reputasie zowel by het Staatsbewind als bij die Fransen . . ." (p. 179).

Hierdie siening van De Mist verskil in baie opsigte nogal wesenlik met dié van prof. Murray.

Hoewel De Mist in sy Memorie (para. 13G) verklaar dat die dominium oor die Kaap en sy volksplanting „ . . . altijd behoort aan den Heer van den Lande . . . doch onafscheidelijk van, en onvervreembaar behoort tot, die Souverainiteit van die Moederland selve, waarvan die Coloniën een gedeelte uitmaak . . . ", beweer prof. Murray (p. 110): „We have here to do with the old notion (hoe oud?) of overlordship . . . It still made place for contract between two parties, the sovereign and the people or corporation . . . In fact De Mist has not gone much beyond the political conceptions of the sixteenth century." Vir my is hierdie interpretasie teenstrydig met die Memorie.

Prof. Murray beklemtoon verder dat „De Mist clearly means his notion of the contractual relation between the Cape and the homeland must be taken literally and seriously" (p. 112) en dat „The contractual relation is very clearly the type of the *Vindiciae contra tyrannos*." (p. 114). Waarom en in watter opsigte dit verband hou met 'n geskrif van meer as 200 jaar gelede, is nie duidelik nie — veral as in aanmerking geneem word dat die *Vindiciae* die godsdienst van die Hugenote wou handhaaf en te doen gehad het met die besondere klasse- en territoriale groeperings en indelings van daardie tyd.

Wewiswaar verklaar De Mist dat die ingesetenes van die Kaap „ . . . geen deel kunnen hebben aan die algemeene Volksrepresentatie en derzelver uitwerkselfen . . ." (van die Moederland) „ . . . wegen hunnen verren afstand . . . en moeten gehouden word met die andere Nederlandsche Ingезetenen te staan in een wederkeerig contract . . . dat is, wij zullen u beschermen en helpen, mids gij, uwe producten aan onze markt brengt, en onze scheepen van noodruft voorziet." (para. 14). Dui De Mist hier op die soort kontrak van die vir hom resente kontrak-filosowe soos Hobbes, Locke of Rousseau, of van die ou Middeleeuse of Hugenotedenkers? Oor waar, wanneer en hoe die kontrak ontstaan het en wat die omvang daarvan was, is De Mist net so vaag soos daardie skrywers oor hulle denkbeeldige kontrak. (Hy verwys na Hobbes in para. 117.)

Selfs die kerkwet van De Mist wil prof. Murray terugvoer na die *Vindiciae*. Maar hy verloor uit die oog dat in laasgenoemde geval dit slegs vir een enkele kerk moes geld (nl. „the true church") en nie vir almal, soos by De Mist nie.

In hierdie verband beweer prof. Murray: „He (De Mist) based his argument for the church's sovereignty before the law on the principle of rights and not of toleration." (p. 117). Die verskil tussen die erkenning van die regte van kerke en geloofsverdraagsaamheid is nie duidelik nie.

Die uitdrukking „sovereignty" word ook verskillend en meesal onomskrewe deur prof. Murray gesig. Byvoorbeeld: „local sovereignty", (p. 112), „sovereignty based on

treaties with Native tribes . . .," (p. 112), „church's sovereignty," (p. 112), e.d.m. Dit lei tot verwarring.

Selfs die nuwe Politieke Raad vir die Kaap sien prof. Murray as „. . . part of the pluralist's outlook . . ." (p. 119). De Mist sou dan, soos hy tevergeefs in die Nasionale Vergadering wou bewerkstellig, vir die Kaap „. . . the principle that government departments should be headed by Commissions instead of Ministers . . ." ingevoer het (p. 119). De Mist wou dat hierdie liggaam bestaan uit die Goewerneur plus vier „Raaden" wat „. . . zy elk aan een byzonder vak geattacheerd zyn, daar op bepaaldelyk moeten toelat en ten einde, een ieder in zyn *vak* Gouverneur en Raaden kan voorlichten . . . en jaarlyksch overgeeën, den staat van elks Departement, om naar Nederland, te kunnen worden verzonden. Men zou de verdeling dezer Departementen, aldus konnen maken . . ." (para. 68). Dan volg die vier indelings. Wat dus inderdaad gebeur het, is dat die ou logge Politieke Raad van die Kompanjietydperk vervang is deur 'n kleiner kabinet, met 'n werkverdeling tussen die vier raadslede (sowel hulle as die goewerneur moes dan vanuit Nederland aangestel word). Maar, sou 'n mens die stelsel as pluralisties kon bestempel?

'n Mens is dankbaar dat prof. Murray weereens die aandag op die merkwaardige De Mist gevinstig het. Die rol wat hierdie man in Nederland in die rewolusionêre tydperk gespeel het, is hier by ons te min bekend, want vir ons is sy grootste bydrae natuurlik t.o.v. die Kaap. Veral wat betref De Mist se Memorie en sy rol aan die Kaap, is prof. Murray te geneë om alles byna deurgaans te koppel aan sy eie besondere soort pluralisme en dit dan vanuit daardie standpunt te verklaar. Dit wek soms die indruk dat De Mist vasgeklem was deur die verlede, terwyl hy inderdaad 'n baie verligte denker was.

E. F. W. Gey van Pittius

Scholtz, G. D.: Die Stryd om die Wêreld, R5.50, Voortrekkerpers Beperk, 1962.

Ons is die resultaat van die Geskiedenis. Wat ons dink en doen, die posisie wat ons land op 'n gegewe moment te midde van die volke van die wêreld beklee, ons verhoudinge onderling met daardie volke en ons standpunt in verband met sekere lewensopvattinge, politieke beskouinge, ensovoorts is soos dit is omdat die historiese verloop daardie besondere inhoud daaraan gegee het. Terselfdertyd is ons daarvan heeltemal bewus dat die historiese verloop bepaal is deur die mens self, dat wat hy geword het bepaal is deur wilsbeslissinge van die geslagte wat hom voorafgegaan het.

Dit is daarom ook te verstane en dit is goed so, dat die mens somtyds stilstaan en vanuit die moment van die tyd waarin hy hom bevind terugkyk en dan probeer verstaan en begryp hoedat dinge geword het soos dit geword het, sodat hy daarna sy oë na die toekoms kan rig, want wat die toekoms gaan word, lê gedeeltelik opgesluit in die beslissinge wat op daardie moment van die tyd geveld gaan word. Dit is dan ook wat dr. G. D. Scholtz in hierdie soveelste werk van hom van oor die vyfhonderd bladsye gepoog het om te doen. Sy doel was om die „nodige kennis" vir die Afrikaner by te bring „in die wêreld waarin hy hom vandag bevind" soos hy dan ook in die voorwoord tereg opmerk. Dit het dus nie vir dr. Scholtz hier gegaan om die geskied-filosofiese implikasies van die groot historiese gebeurtenisse wat tot die hede aanleiding gegee het soos wat byvoorbeeld deur die filosoof Karl Jaspers in sy werk *Vom Ursprung und Ziel der Geschichte* (1949) gepoog is nie, maar hy het probeer aantoon hoedat dit gekom het dat die wêreld in verskeie ideologiese kampe verdeel is. Hierdie verdeling is eintlik die resultaat van die geskiedenis.

Wanneer die gebeurtenisse afgeloop is, die menslike besluite geneem is, kan daar geen verandering aangebring word nie, maar wanneer daar vanuit die situasie van die hede met al sy probleme, sy vreugde en tragiek, na die verlede gekyk word, dan

word daar deur die moraliseerde 'n oordeel uitgespreek, daar word geprys, daar word veroordeel asof die mens wat op 'n sekere moment in die geskiedenis op die verhoog verskyn en dan weer verdwyn, verantwoordelik gehou moet word vir die situasie waarin die nageslagte hul op 'n bepaalde moment bevind — met ander woorde, daar word monumente opgerig en monumente afgebreek. Dit is presies wat met hierdie groots opgesette werk van dr. Scholtz gebeur het. Die leiersfigure wat op die toneel verskyn het, veral vanaf die sewentiende eeu tot aan die catastrofe van die Tweede Wêrldoorlog, word beoordeel en geoordeel aan die mate waarin hulle Rusland tot Europa toegelaat het of daartoe bygedra het dat die Kommunisme vir die nie-kommunistiese wêreld 'n bedreiging inhou. 'n Objektiewe wetenskaplike beeld van die wêrldgeskiedenis kan hierdie werk dus nie wees nie en wil dit nie wees nie.

Die Kommunisme as politieke ideologie word in hierdie werk gestel teenoor die nie-kommunistiese wêreld naamlik die sogenaamde ongebonde Afrika, Asiatiese en ander state en die nie-kommunistiese lande onder leiding van Amerika wat alles in die stryd moetwerp om die voortgang van die Kommunisme te stuit. Die nie-kommunistiese lande is Brittanje, Frankryk, Wes-Duitsland, Italië en andere en omdat hulle teenoor die Kommunisme te staan gekom het, vra dr. Scholtz homself die vraag af waarin hul eenheid bestaan en hy vind dit in hul godsdienstige en etiese wêrldbeskouing, waaraan die skrywer eienskappe toeskryf wat die eenheid oorbenadruk. Die gevolg is dat dr. Scholtz soms in veralgemengings verval en hy die feit miskyk dat uit die erfenis van die Grieks-Romeinse beskawings by die onderskeie taalgroepe van Europa wat later tot nasionale state uitgegroeи het, elk en afsonderlik 'n bo-bou bygevoeg is wat min oorgelaat het van 'n Westerse eenheidseskawing. Die begrip individuele vryheid toon 'n radikale verskil wanneer dit met die opvatting dienaangaande in Engeland en Frankryk of Duitsland vergelyk word. Die aanhaling (p. 181) uit J. S. Mill se *Utilitarianism, Liberty and Representative Government*, oor die begrip politieke vryheid, kenskets nie die opvattinge van die Europese mens nie, maar hoofsaaklik die Britse konsep van demokrasie wat eers teen die begin van die negentiende eeu sy inslag gevind het. As Christen moet of wil ek met dr. Scholtz saamstem dat Israel aan die hele wêreld die Bybel sou bring (p. 26), maar terselfdertyd moet ek darem bewus van die feit wees dat so 'n veralgemening nie verband hou met die werklikheid nie. So ook wil hy sekere beginsels en opvattinge soos die begrip demokratiese regstaat en individualisme wat eintlik latere uitgroeiels is by bepaalde volke in die Weste, (p. 185, 186 en verder) terug projekteer na 'n tydperk toe dit nog nie bestaan het nie of in vorms voorgekom het wat ons nie sou erken het nie.

Dit is waar dat die volke van Wes-Europa op baie wat hulle van Rome en Griekeland geërf het, voortgebou het, maar dit gee nog nie aan Europa die eenheid wat dr. Scholtz daar soek nie. Die Europa van die negende eeu was nie 'n voortsetting van die Romeinse Ryk nie, al wou baie dit so graag gewil het, en teen die veertiende eeu was die verandering reeds so groot dat die oorspronklike Grieks-Romeinse erflating nouliks herkenbaar was. Gedurende die volgende vyf eue was die hydrae van die Europa wat gedurende die Grieks-Romeinse tydperk nog nik van die beskawing af geweet het nie, reeds so groot en vertoon dit so 'n verskeidenheid dat van die oorspronklike weinig oorgebly het. In die verlede is daar myns insiens nog té veel nadruk gelê op wat ons erfenis uit hierdie beskawingspunte was en daar is té min nadruk gelê op dit wat ons nie oorgeneem het nie. Uit Palestina het ons die Bybel gekry, maar met verloop van tyd het die Europese mens elk na sy eie aard en omstandigheid nuwe dogmas bygevoeg. Kerklike dogma het die versplinterheid van Europa in die hand gewerk. Veral na die veertiende eeu kan ons van Europa as 'n aardrykskundige konsep praat maar nie meer as beskawingseenheid nie.

Dit is binne hierdie versplinterheid wat die mens van Europa opgetree het en

soos hy verstaan moet word en nie veroordeel word nie. Daarby was hy, soos dr. Scholtz so mooi aantoon, vasgevang binne die aardrykskundige verband waarin hy homself bevind het. Dr. Scholtz wys dan tereg daarop (p. 224-242) dat die staatsopvattinge van die Duitse volk ook tot 'n groot mate tot die aardrykskundige faktor teruggevoer kan word. Maar dan verval hy ook in die na-oorlogse verdoeming van Hitler se oorlogstrategie deurdat hy dan nijs van die samehang tussen die internasionale politiek en strategie begryp het nie (p. 355-356) en word Hitler se aanval op Rusland aan 'n soort blinde moedswilligheid toegeskryf (p. 357-358) en word uit baie strategie en militariste se werke aangehaal wat daarop neerkom dat hulle ten minste geweet het hoe om die oorlog te wen of ten minste geweet het hoe om die geallieerdes te dwing om tot 'n vergelyk te kom. 'n Enkele voorbeeld: Hitler moes nie Rusland aangeval het nie, maar sy magte om die Middellandse See gegroepeer het en deur Noord-Afrika die Midde-Ooste oorrompel het. Asof dit teen 1941 nie reeds duidelik was dat Amerika tot die oorlog sou toetree nie en deur sy sterkere vlooteenhede 'n herhaling van Napoleon se Egiptiese veldtog teweeg sou gebring het nie! Daar bestaan genoegsame aanduidings dat ook Rusland begin gereed maak het vir 'n aanslag op Duitsland as sy magte in die Middellandse See vasgetrek word. Dit word egter alles „asse“ wat aan die werklikheid van die historiese situasie nijs kan verander nie.

Dr. Scholtz het vanuit die klipperige bergspits waarop ons ons bevind teruggekyk en té veel die oordeel uitgespreek oor wat moes gewees het en dit wat geword het uit die besondere hoek of lewensopvatting waarvan hy deelgenoot is. Die opkoms van die Kommunisme en van kommunistiese Rusland word gevolglik skerp omlyn en as teenstelling teenoor die nie-kommunistiese Weste geplaas. 'n Werklik aangrypende beeld, uit die oogpunt van die anti-Kommunis, word van die wêreldtoneel waarop die ideologiese stryd hom afspeel, vir ons uitgeëts. Maar dit bly die standpunt van die anti-Kommunis. Daar word geensins gepoog om 'n objektiewe uiteensetting van die ideologiese stryd te gee nie en word alle uilatings van leiersfigure op verskillende terreine in die sogenoemde Westerse kamp aangehaal om 'n verdoemende beeld van die Kommunisme daar te stel.

As historikus wys dr. Scholtz ten regte daarop dat ofskoon die kommunistiese ideologie 'n produk van die negentiende eeuse industriële Europa is, die aanwending van hierdie ideologie deur Rusland vir soverre dit die opkoms van Rusland betref en die rol wat Rusland in die wêreldpolitiek speel, alleen verstaanbaar is teen die agtergrond van die wording van Rusland uit 'n tyd toe die grondsdae van die Westerse beskawing reeds gelê is en Rusland in 'n staat van primitiwiteit verkeer het. As gevolg van Rusland se aardrykskundige isolasie het in Rusland 'n andersoortige beskawing gegroei en was Rusland soos ons dit vandaag ken, nog heeltemal primitief toe die vroegste beskawings rondom die Middellandse See, die nabye Ooste, Indië en Sjina ontstaan het. Hierdie beskawingspunte word deur dr. Scholtz as 'n „beskawingsgordel“ gesien wat mettertyd oorgedra is na die „Tweede Gordel“ — die Amerika's, Afrika, Australië, ensovoorts, en wat voortdurend bedreig is deur die onbeskaafdes uit sentraal-Rusland of die „Groot Gebied“ soos hy dit noem. Die opkoms van die Slawiese ras, hul verowering van die Groot Gebied, die wording van die moderne Europese lande, hul interne probleme, hul internasionale beleid, en die koloniale geskiedenis van die Europese volkere, die ontstaan van die negentiende eeuse werkersklasse, sowel as die ontstaan van die Kommunisme as ideologie, die opkoms van die geïndustrialiseerde Amerika en die byna noodwendige ondergang van sentraal-Europa in die aangesig van die twee reuse — Amerika aan die een kant en Rusland aan die ander kant — word vanuit hierdie hoek behandel. 'n Geweldige doek waarteen die wêreldgeskiedenis vorm aangeneem het, met as sentrale middelpunt die ontsettende bedreiging wat die Kommunisme vir die wêreld inhoud (soos die nie-Kommunis dit sien), word vir ons hier geskilder.

Dit is onvermydelik dat die werklike beeld van Rusland skeef gesien moet word teen die agtergrond van hierdie omvattende geskilderde drama. Dit word naderhand 'n geval van opinie en nie werklikheid nie, 'n beeld van swart en wit. Nikita Kroesjtsjef word as 'n „magswellusteling” (p. 418) beskryf, terwyl die Rus 'n beleid van uitdelging teenoor die ander minderhede in Rusland volg. Dit is kontemporäre *opinie* en nie wetenskaplike denke wat hier weerspieël word, hoeseer 'n mens met dr. Scholtz ookal sou wou saamstem! Die werklikheid is natuurlik dat die Russe erken het dat die Groot Gebied bewoon word deur 'n konglomeraat van rasse en nasionaliteite, dat ofskoon Moskou 'n doelbewuste beleid volg om hulle ideologies tot 'n eendersdenkende groep saam te trek, en Russies die interkommunikasie-medium tussen die groepe is, word die minderheidsgroepe nie doelbewus vernietig nie, maar word hul taal en kultuur selfs aangemoedig. Die Wolga-Duitsers is oor Rusland verstrooi, nie omdat hulle Duitsers is nie, maar vanweë hulle samewerking met die invallende Duitse leërs gedurende die afgeloepé wêreldoorlog. — Rusland het dit as verraad beskou.

By die deurlees van hierdie werk kom mens onder die indruk van die geweldige kennis van die skrywer asook dat hy 'n enorme hoeveelheid leeswerk gedoen het uit die geweldige hoeveelheid geskrifte wat oor die na-oorlogse internasionale verhoudinge handel. In die aanwending van sy bewysmateriaal volg die skrywer 'n interessante metode. Hy stel telkens eers die saak en haal uit een of ander skrywer aan om sy besluit te regverdig of ter illustrasie van sy standpunt. Dit hinder somtyds aangesien die bron dan gebruik word om byna, kan mens sê, dramatiese effekte te bereik en word daar geensins krities teenoor die bron self gestaan nie.

Wat die aanhalings uit die bronne betref, nog net dit. Die bron word telkens in die oorspronklike taal, dit wil sê, in hierdie geval in Engels of Frans of Duits aangehaal. Vir my eie gevoel word die vlot leesgang onderbreek en begin mens wonder of 'n Afrikaanse weergawe met erkenning in die voetnota nie beter sou lees nie. Die een of twee kere wat die skrywer dit tog wel gedoen het, het die uiteensetting geensins daaronder gely nie — inteedee!

In sy geheel geneem bied hierdie omvattende werk 'n geweldige panoramiese blik op die gang van die wêreldgeskiedenis met as dramatiese hoogtepunt soos weerspieël ook in die effektiel getekende stofomslag, die huidige teenstelling tussen die kommunistiese en nie-kommunistiese lande wat dreig om die wêreld in 'n allesvernietigende oorlog mee te sleep. Die gewone leser sal egter by die lees van die werk vind dat hinderlike herhalings vermy kon gewees het en dat daar oor sekere aspekte soos byvoorbeeld die beskrywing van die ou beskawingsentra, die *völkerwanderung*, die opkoms van Rusland, ensovoorts, minder uitgewei kon gewees het sonder om die effektiwiteit van dit wat die skrywer probeer tuisbring te kortwieк. Ofskoon hierdie werk dus geen groot wetenskaplike bydrae is ten opsigte van ons kennis van die wêreldspanning waarin ons ons bevind nie, moet ons tog ons dank uitspreek vir die feit dat dit in Afrikaans geskryf is, dat dit nie 'n eenvoudige oppervlakkige werkie oor die onderwerp is wat aan die Afrikaans-sprekendes opgedis word net omdat dit in Afrikaans geskryf is nie en dat dit 'n bydrae is wat die Afrikaner se kennis sal vermeerder ten opsigte van wêreldvraagstukke waarteenoor hy reeds standpunt ingeneem het.

T. S. van Rooyen

Bouman, P. J.: In de ban der geschiedenis, pp. 110, Van Gorcum, Assen, 1961.

Uitgaande van Huizinga se bekende definisie aangaande die geskiedenis, kom prof. Bouman tot die gevolgtrekking dat ons tyd 'n ander benadering van die werklikheid, met inbegrip van die verborge werklikheid van die geskiedenis, vra as in die negentiende eeu die geval was. Daar moet vryheid bly in die vertolking van „feite” en nog meer vryheid met betrekking tot die gevolgtrekkings wat daaruit voortvloeи.

Waarin skiet die huidige geskiedskrywing en -vorsing kort? Allereers waar dit 'n te geringe belangstelling vir die mens as sentrale objek van die geskiedskrywing en -vorsing betref, verder waar ons onself nie voldoende beywer om tot integrale geskiedskrywing te kom nie. Dan verwaarloos ons die studie van historiese prosesse, waarin die wordende tot uiting kom (bl. 30-31). Die skrywer noem nog meer tekortkominge, verklaar verder dat hy geen breuk met die verlede vra nie, maar wel 'n verruiming van die veld van ondersoek, wat aansluit by die veranderings wat die geskiedbelewing ondergaan in 'n tydperk wat vir die mensheid kritiek is (bl. 85).

Hy gee 'n viertal moontlikhede waarin die studie van geskiedenis ook in ons tyd 'n dienende funksie kan bly vervul (bl. 101-102).

Afgesien van hierdie wekroep in verband met vernuwing en aanpassing is prof. Bouman se studie van belang omdat hy die opvatting van 'n groot aantal denkers op die gebied van die geskiedenis bespreek. Ons noem o.m. Huizinga, Geyl, Febvre en Bloch (die laasgenoemdes is verteenwoordigers van die nuwe rigting wat die skrywer voorstaan). Op daardie wyse maak die belangstellende student kennis met heelwat meer aspekte en opvattinge as wat die titel van die werk aanvanklik laat vermoed. Dit is veral hoofstukke 3 (*geskiedskrywing en -vorsing, aarseling en terugtog*), 4 (*geskied-uitbeelding*) en 5 (*geskiedbelewing*) wat baie stof tot nadenke verskaf. Ook in die volgende hoofstuk, waar die grense van die wetenskap bespreek en terselfderty nuwe uitsigte gestel word, is uiters belangrik. Ons sal graag hierdie werk in besit sien van hulle wat tydens hul akademiese opleiding op hierdie aspekte sal ingaan.

Jan Ploeger.

BOEKES ONTVANG VIR BESPREKING

1. *Burman, Jose*: Safe to the Sea, R1.85, pp. 166, Human en Rousseau, Kaapstad, 1962.
2. *Havighurst, Alfred F.*: Twentieth Century Britain, \$7.90, pp. XII, 486, Harper and Brothers, New York, 1962.
3. *Jelusich Mirko*, Die leeu en die wolwe: Die verhaal van Hannibal, vertaal deur O. Rode, R1.30, pp. 145, Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg, 1962.
4. *Lantern*, Jaargang II, Vol. II, No. 4, April-Junie 1962. (The Federal Republic of Germany).
5. *Oliver, Roland and Fage, J. D.*: A Short History of Africa, 5/-.
6. *Schumann, T. E. W.*: Die Abdikasie van die Witman, R2.50 pp. 248, Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg, 1962.
7. *Stephenson, Carl*, edited and revised by Bryce Lyon: Medieval History, \$8.75, pp. XXIV, 639, Harper and Brothers, New York, 1962.
8. *Van Jaarsveld, F. A.*: Lewende verlede, R3.00, pp. 258, Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg, 1962.
9. *Wolf, John B.*: The emergence of European Civilization, \$7.50, pp. XI, 751, Harper and Brothers, New York, 1962.